23/87

Saaknommer: 399/85

WHN

<u>JOHAN GEORG STRYDOM</u> .................... Appellant

en

<u>DIE STAATSPRESIDENT VAN DIE</u>

<u>REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA</u> ................ Eerste Respondent

<u>ELEKTRISITEITSVOORSIENINGSKOMMISSIE</u> ....... Tweede Respondent

<u>JOUBERT</u> AR :

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

APPÈLAFDELING

In die saak tussen:

JOHAN GEORG STRYDOM .................. Appellant

en

DIE STAATSPRESIDENT VAN DIE
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA ......... Eerste Respondent

ELEKTRISITEITSVOORSIENINGSKOMMISSIE .... Tweede Respondent

Coram: JOUBERT, TRENGOVE, GROSSKOPF, JACOBS ARR.
et BOSHOFF Wn AR.

Datum van Verhoor: 4 November 1986

Datum van lewering: 26 Maart 1987

---

U I T S P R A A K

JOUBERT AR :

/Die ............

Die appellant („Strydom") het in die Transvaalse Provinsiale Afdeling ŉ hersieningsaansoek teen die respondente aanhangig gemaak ingevolge waarvan hy gevra het vir ŉ bevel wat die eerste respondent (die „Staatspresident") se goedkeuring aan die tweede respondent („Evkom") in terme van art 43(1) van die Elektrisiteitswet No 40 van 1958 om ŉ serwituut vir ŉ transmissielyn vir die geleiding van elektrisiteit oor ŉ gedeelte van Strydom se plaas Olifantsfontein No 410, Registrasie Afdeling J.R., Transvaal, by wyse van verpligte koop te verkry, hersien en tersyde stel asook vir ŉ

bevel om die kennisgewing van verpligte koop, gedateer 16 Februarie 1984, wat Evkom uit hoofde van gemelde goedkeuring aan Strydom gerig het, tersyde te stel. Op 27 Augustus 1985 het MacARTHUR R Strydom se aansoek met koste afgewys. Met verlof van die hof a quo kom Strydom tans in hoër beroep teen daardie uitspraak na hierdie Hof.

Evkom is 'n statutêre regspersoon wat op 1 Maart 1923 in die lewe geroep is deur art 2 van die vorige Elektrisiteitswet No 22 van 1922 wat deur art 2(1) van die huidige Elektrisiteitswet No 40 van 1958 („die Wet") vervang is. Sedert sy

/totstandkoming ......

totstandkoming is Evkom 'n gemagtigde ondernemer wat gemagtig is om 'n onderneming vir die voor= siening van elektrisiteit te dryf en wat minstens 'n bepaalde hoeveelheid elektrisiteit per jaar ver= koop. Vergelyk die woordomskrywing van „gemag= tigde ondernemer" in art 1 van die Wet. Insgelyks het 'n Elektrisiteitsbeheerraad sedert Evkom se tot= standkoming beheer uitgeoefen oor die voorsiening van elektrisiteit deur Evkom of deur 'n private onder= neming (art 22(4) van die Wet). Die lede van die Elektrisiteitsbeheerraad word deur die Minister van Mineraal- en Energiesake (die „Minister") aangewys volgens art 22(1) van die Wet. Afgesien van die

/feit ......

feit dat Evkom geen aandeelhouers het nie het sy struktuur sekere veranderings ondergaan. Aan= vanklik het dit bestaan uit lede wat deur die Goewerneur-generaal aangestel is. Die Wysig= ingswet op Elektrisiteit No 50 van 1985 met sy inwerkingtreding op 24 Mei 1985 het egter voorsiening gemaak vir 'n Elektrisiteitsraad waarvan die meeste lede deur die Minister aangestel word (art 3 van die Wet) om beheer uit te oefen oor die uitoefening deur Evkom van sy bevoegdhede (art 3(1) van die Wet) terwyl 'n Bestuursraad die bestuur van Evkom se sake behartig (art 3(4) van die Wet). Volgens art 3 E van die Wet word die Bestuursraad deur die

/Elektrisiteitsraad .

Elektrisiteitsraad saamgestel. Ofskoon Evkom op hierdie wyse van owerheidsweë beheer word en toesig oor sy bedrywighede uitgeoefen word, is dit egter geensins 'n staatsliggaam wat aan die Staat behoort en deur staatsfondse gefinansieer word nie. Sy begroting word nie deur die Parlement bekragtig nie. Dit bekom sy eie fondse deur die aangaan van lenings en deur die verkoop van elektrisiteit as 'n gemagtigde ondernemer (art 12 van die Wet). Evkom is verplig om sy eie jaarlikse balansstate op te stel (art 17 van die Wet) wat geoudit word deur rekenmeesters deur die Staatspresident aangestel (art 18 van die Wet).

Die agtergrond van die relevante gebeure wat aanleiding tot die instel van Strydom se hersienings= aansoek gegee het, is in hooftrekke die volgende. Gedurende 1976 het die Elektrisiteitsbeheerraad aan= beveel dat Evkom 'n behoefte het aan die Minerva - Lombardy - Craighall transmissielyn waarvan die roete o.a. oor 'n gedeelte van die plaas Olifantsfontein no 410 sou loop. Dit het meegebring dat Evkom 'n serwituut moes verkry oor 'n serwituuutarea van 42,0638 ha van die plaas Olifantsfontein no 410. Volgens art 4(e) van die Wet is Evkom bevoeg om „grond of regte of belange in of op grond - - - en regte op eiendom van watter aard ook al te verkry" deur aankoop.

Evkom het onderhandelings aangeknoop met die grond=
eienaars langs die beplande roete vir die vrywillige
aankoop van die serwitute. Dit het Strydom se vader
ingesluit wat tot sy dood gedurende Julie 1978 die
eienaar van die plaas Olifantsfontein no 410 was.
Mynhardt en Zondagh het as werknemers van Evkom
die onderhandelinge namens Evkom gevoer. Eersge=
noemde het reeds 25 jaar se ervaring by dergelike
onderhandelinge vir die verkryging van regte oor grond
wat Evkom benodig. 'n Uitgebreide korrespondensie
het gevolg tussen Strydom se agente en Evkom. 'n
Groot deel van die relevante korrespondensie is
aangeheg by die stukke voor hierdie Hof. Ek

/sal .......

sal daarmee volstaan om na enkele van die belangrike briewe te verwys ten einde die verloop, strekking en resultate van die korrespondensie aan te toon :

1. Op 28 Junie 1979 het Parker Ellis (Edms) Bpk namens Strydom aan Evkom geskryf om oor die vergoeding vir die transmissielyn se serwituut te onderhandel. Dit is duidelik gestel dat Strydom geen beswaar teen die beplande roete van die transmissielyn het nie. Daar is aan die hand gedoen dat ŉ prys van R11 670 per ha redelik is. ŉ Totale vergoeding van R452 835 is voorgestel (Aanhangsel "AA" band 1 p 96-101).

2. Uit ŉ brief gedateer 17 Augustus 1979, van Evkom

/aan .......

aan Parker Ellis (Edms) Bpk blyk dit dat Strydom op R758 467 vergoeding aanspraak maak terwyl Evkom R50 000 aanbied. Evkom doen aan die hand dat Strydom aan hom ꞌn opsie in terme van art 43(5) van die Wet gee aangesien Strydom geen beswaar teen die roete het nie terwyl die vergoeding volgens die betrokke bepalings van die Onteieningswet no 63 van 1975 vasgestel kan word (Aanhangsel "BB" band 1 p 102-103).

3. Evkom en Parker Ellis (Edms) Bpk het mondelings ꞌn ooreenkoms met mekaar oor die quantum van die ver=goeding bereik. Daarom het Evkom op 14 Augustus 1980 ꞌn brief aan Strydom gerig vir die ondertekening deur

/hom .......

hom van die ingeslote „nuwe opsie" in duplikaat waarvolgens die vergoeding bereken teen 80% van die grondwaarde van R4 000 per ha vir 46,62 ha die totale bedrag van R149 184 beloop (Aanhangsel "CC" band 1 p 104). Strydom het egter geweier om die dokument te onderteken omdat die vergoeding vir hom nie meer aanvaarbaar was nie. Voortaan het prokureur Krogh van die prokureursfirma H.P. Krogh & de Wet namens Strydom met Evkom oor die vergoeding onderhandel. Krogh het ter aanvang aan Evkom geskryf om te verneem of Strydom geregtig sou wees om die serwituutgebied te gebruik. Dit het geen probleme opgelewer nie.

4. Op 11 Desember 1980 skryf Krogh aan Evkom dat Strydom

/op .......

op ŉ hoër vergoeding geregtig is as wat ŉ jaar gelede bepaal is omdat daar ŉ opbloei in die eiendomsmark sedert Oktober 1979 plaasgevind het. Daar was bowendien ŉ vermindering in die koopkrag van geld as gevolg van in= flasie. Strydom verwag dat Evkom ŉ hoër vergoeding sal aanbied. (Aanhangsel "FF", band 1 p 111-114).

5. Op 14 April 1981 het Evkom in ŉ skrywe aan Krogh dit op rekord geplaas dat die vergoeding wat met Parker Ellis (Edms) Bpk ooreengekom is vir Strydom nie aanvaarbaar is nie. Strydom is ook nie op daardie stadium bereid om aan Evkom regte te verleen soos in art 43(5) van die Wet bepaal word nie (Aangangsel "GG", band 1 p 115-118).

Krogh se reaksie was om ŉ brief, gedateer 20 Mei 1981, aan Evkom te skryf waarin hy meld dat Strydom nie bereid was om R4000 per ha as basis vir vergoeding te aanvaar nie. Strydom meen dat R12 500 per ha meer realisties is. Daar is verwys na ander verkooptransaksies van grond in die onmiddellike omgewing. Evkom word versoek om die hele aangeleentheid in ŉ nuwe lig te sien en die „opsieprys" te heroorweeg. (Aanhangsel "B" tot Strydom se beëdigde verklaring, gedateer 29 November 1982, band 2 p 154-158).

6. Die volgende belangrike stap in die onderhandelings was toe Evkom op 26 November 1981 aan Krogh skryf dat ŉ waardasie van Boshoff ontvang is. (Hierdie waardasie is Aanhangsel "HH", band 1 p 119-122). Dienooreenkomstig

/bied .......

bied Evkom Strydom R175 000 aan en versoek hom om voor of op 11 Januarie 1982 Evkom van sy besluit in kennis te stel. Daar word daarop gewys dat „indien hierdie voor= stel ook nie vir u klient aanvaarbaar is nie sal Evkom genoodsaak wees om die aangeleentheid na die Elektrisiteits= beheerraad te verwys met die oog op ŉ moontlike verpligte koop". (Aanhangsel "JJ", band 1 p 123-124).

7. Strydom het nie Evkom se aanbod van R175 000 vergoeding aanvaar nie. Op 18 Maart 1982 meld Krogh in sy skrywe aan Evkom dat daar onderhandelinge aan die gang is om ŉ nabygeleë gedeelte van die plaas Olifantsfontein no 410 te verkoop. Met die oog daarop vra Krogh dat die

/onderhandelinge .......

onderhandelinge met Evkom vir 2 of 3 maande afgestel word. (Aanhangsel "KK", p 125-126). Evkom antwoord op 31 Maart 1982 dat hy genoodsaak is om met sy aansoek by die Elektrisiteitsbeheerraad voort te gaan aangesien Strydom nie bereid was om aan hom die regte te verleen soos in art 43(5) van die Wet bepaal is nie. (Aanhangsel "LL",band 1 p 127-128).

Art 43 van die Wet lees soos volg:

„<u>Onteiening van grond en belange in grond</u>;

(1) Ondanks andersluidende wetsbepalings kan 'n ge= magtigde ondernemer of iemand wat geregtig is om elektrisiteit binne 'n bepaalde gebied te laat ontwikkel of te voorsien, met goedkeuring van die Staatspresident en onderworpe aan die voorwaardes wat hy mag oplê, deur verpligte

/koop .....

koop grond of 'n reg in, oor of ten opsigte van grond wat so 'n ondernemer of so iemand vir die uitoefening van bedoelde bevoegdheid nodig het, verkry.

(2) Die Staatspresident mag sodanige goedkeuring nie verleen nie tensy hy oortuig is -

(a) dat so 'n ondernemer of so iemand nie in staat is om sodanige grond of reg op redelike voorwaardes deur ooreenkoms met die eienaar te verkry nie; en

(b) na oorweging van 'n verslag deur die raad, dat so 'n ondernemer of so iemand sodanige grond of reg redelikerwys nodig het vir die uitoefening van die bevoegdheid bedoel in subartikel (1).

(3) (a) Voordat die raad sy verslag ingevolge sub=artikel (2) (b) verstrek, moet hy by 'n openbare verhoor bepaal of so 'n onder=nemer of so iemand die betrokke grond of reg aldus nodig het.

(b) Die raad moet minstens veertien dae kennis van so 'n verhoor gee aan so 'n ondernemer of so iemand, en aan die betrokke eienaar, wat geregtig is om by sodanige verhoor sy be=sware teen die verpligte koop te opper.

/ (c) ........

(c) Die raad moet bedoelde eienaar en onder= nemer of persoon van sy bevinding in kennis stel.

(4) Sodra die goedkeuring van die Staatspresident tot so 'n verkryging verleen is, geld die be= palings van artikel 7 tot 23 van die Onteienings= wet, 1975, mutatis mutandis in verband met sodanige verkryging, en by sodanige toepassing daarvan word 'n verwysing in daardie artikels -

(a) na die ,Minister" en die ,Staat' as 'n ver= wysing na die betrokke ondernemer of persoon uitgelê;

(b) na ,artikel 2" as 'n verwysing na hierdie artikel uitgelê.

(5) Indien die eienaar van grond inwillig tot die verkryging van dié grond of 'n reg in, oor of ten op= sigte van dié grond deur so 'n ondernemer of so 'n persoon vir die uitoefening van 'n bevoegdheid bedoel in subartikel (1), maar nie bereid is om die vergoeding wat daarvoor aangebied word, te aanvaar nie, kan die partye ooreenkom dat die ondernemer of persoon, na gelang van die geval,

/die .......

die grond of reg verkry onderworpe aan die vasstelling van die vergoeding wat betaalbaar is ooreenkomstig die bepalings van artikels 12, 14 en 15 van die Onteieningswet, 1975, na gelang van watter bepalings van toepassing sou gewees het indien die grond of reg ingevolge die bepalings van genoemde Wet onteien was : Met dien verstande dat in so 'n geval die kennis= gewingsdatum, soos in artikel 1 van genoemde Wet omskryf, geag word die datum te wees waarop bedoelde ooreenkoms aangegaan is : Met dien verstande voorts dat indien 'n aansoek om sodanige vasstelling van die vergoeding nie binne ses maande na dié datum by die gepaste hof ingedien word nie, die vergoeding wat deur daardie onder= nemer of persoon aangebied is, die vergoeding is wat betaalbaar is vir die verkryging van daardie grond of reg."

Op 30 September 1982 het Evkom skriftelik aansoek by die Elektrisiteitsbeheerraad gedoen om goed=keuring deur die Staatspresident kagtens art 43(1) vir die verkryging deur verpligte koop van die regte om 'n transmissielyn oor Strydom se plaas op te rig en in stand te hou. Die Elektrisiteitsbeheerraad word versoek om

(i) 'n openbare verhoor kragtens art 43 (3)(a) te belê ten einde te bepaal of Evkom die regte redelikerwyse benodig vir die voorsiening van elektrisiteit;

(ii) verslag ingevolge art 43 (2)(b) aan die Staats=president te doen; en

(iii) Evkom se aansoek aan die Staatspresident voor te lê

/om .........

om sy goedkeuring te verkry.

Die roete van die transmissielyn word op aangehegte kaarte aangetoon. Dit word ook vermeld dat Evkom nie in staat is om die regte wat Evkom redelikerwyse benodig op redelike voorwaardes deur ooreenkoms met Strydom te verkry nie. Ter stawing hiervan is die beëdigde verklarings, gedateer 30 September 1982, van Mynhardt (Aanhangsel "AX", band 1 p 89-91) en Zondagh (Aanhangsel "BX", band 1 p 92-95) aangeheg. Die korrespondensie soos vervat in Aanhangsels "BB" tot "LL" inklusief waarna ek supra verwys het, is geheg aan Zondagh se beëdigde verklaring terwyl Aanhangsel "A" tot Mynhardt se beëdigde verklarig gevoeg is.

/Ek ........

Ek mag daarop wys dat op die stadium toe Evkom sy vermelde skriftelike aansoek gemaak het, hy reeds daarin geslaag het om die benodigde regte oor eienaars se gronde langs die hele roete van die Minerva - Lombardy - Craighall transmissielyn te bekom met die uit= sondering van Strydom se plaas.

Die Elektrisiteitsbeheerraad het op 12 November 1982 ingevolge art 43 (3)(b) Evkom en Strydom skriftelik in kennis gestel van die datum, tyd en plek van die voor= genome openbare verhoor.

Strydom se reaksie was om sy besware teen Evkom se verkryging van die betrokke regte deur verpligte koop te verkry in 'n beëdigde verklaring, gedateer 29 November 1982,

(Aanhangsel ........

(Aanhangsel "CX" , band 2 p 129-135), uiteen te sit. Sy standpunt was dat Evkom se aansoek voorbarig is deur= dat Evkom nie genoegsame pogings aangewend het om die regte op redelike voorwaardes deur ooreenkoms met hom te verkry nie. Hy verklaar dan ook dat hy bereid is om op redelike voorwaardes 'n ooreenkoms met Evkom aan te gaan. Hy heg aan Swart se verslag, gedateer 2 Maart 1982, (band 2 p 136-153), Bester se waardasie, gedateer 21 April 1982, (band 2 p 159-160) en Fleck se waardasie, gedateer 12 Februarie 1982 (band 2 p 161-166). Swart kritiseer Boshoff se waardasie wat vervat is in Aanhangsel "HH" (band 1 p 119-122). Bester waardeer Strydom se plaas teen R4 000 000 terwyl Fleck die plaas teen R600 000

/waardeer .......

waardeer. Strydom maak 'n aanbod om R420 638 vir die verlangde regte oor sy plaas te aanvaar tot 6 Desember 1982. Ek mag daarop wys dat Evkom nie hierdie aanbod aanvaar het nie.

Die openbare verhoor is op 7 Desember 1982 deur die Elektrisiteitsbeheerraad gehou. Strydom en Krogh asook werknemers van Evkom was teenwoordig. 'n Verbatim verslag van die verrigtinge by die openbare verhoor is deel van die stukke voor hierdie Hof. Raad=pleeg band 1 p 47-72. Krogh het namens Strydom verklaar dat Strydom geen beswaar teen die roete van die trans=missielyn oor sy plaas het nie. Strydom het ook toegegee dat Evkom die serwituut oor sy plaas redelikerwyse

nodig het. Dit was juis die aangeleentheid wat die Elektrisiteitsbeheerraad moes bepaal en 'n verslag oor moes uitbring. Krogh het Strydom se beëdigde ver= klaring gedateer 29 November 1982, ingehandig en beweer dat Evkom nie genoegsame pogings aangewend het om die serwituut op redelike voorwaardes deur ooreenkoms van Strydom te verkry nie. Evkom het bly vassteek by Boshoff se waardasie van R175 000 terwyl Strydom aandring op 'n vergoeding van R10 000 per ha. Strydom was steeds bereid om op redelike voorwaardes 'n ooreenkoms met Evkom aan te gaan. Hy was egter nie bereid om toe te stem tot die prosedure van art 43 (5) om toe te stem tot die verlening van die serwituut en die vasstelling

/van .....

van die vergoeding deur 'n Onteieningshof nie. Die Elektrisiteitsbeheerraad het dit nie as sy taak geag om in te gaan op Strydom se beswaar dat Evkom nie ge= noegsame pogings aangewend het om die serwituut op redelike voorwaardes deur ooreenkoms van Strydom te verkry nie.

Evkom het op 4 Januarie 1983 die Elektrisiteits= beheerraad skiftelik verwittig dat hy sy aansoek wysig in die opsig dat die transmissielyn oor Strydom se plaas 'n enkelbaan gaan wees wat slegs 24,9755 ha i.p.v. 42,0638 ha as serwituutgebied affekteer. Vgl. Aanhangsel DX, band 2 p 167-172. Krogh se reaksie was dat die wysiging die aansoek so ingrypend verander het dat Evkom nie op

/dieselfde........

dieselfde aansoek kon voortgaan nie en dat Evkom met Strydom oor 'n kleiner serwituutgebied onderhandelinge moes voer, soos blyk uit Aanhangsels "EX", band 2 p 173-174, en "EX[1]", band 2 p 175-176. Op 8 Maart 1983 het Evkom Krogh skriftelik daarop gewys dat die grootte van die serwituutgebied nie die basiese grondwaarde enig= sins verander nie. Volgens Evkom is die redelike en billike grondwaarde steeds ongeveer R4 000 per ha en derhalwe is sy aanbod R70 000 afgerond met inagneming van die kleiner serwituut gebied. (Aanhangsel "FX[1]", band 2 p 179-181).

Op 28 Maart 1983 rig Krogh 'n skrywe aan Evkom (Aanhangsel "M" tot Strydom se repliserende beëdigde verklaring, band 2 p 226-228) waarin beklemtoon word „dat die prys wat Evkom sover aangebied het geensins redelik is nie"; Strydom is wel bereid om op redelike voorwaardes 'n ooreenkoms met Evkom aan te gaan. Krogh stel dan voor „dat 'n konferensie gereël word waar 'n finale poging aangewend kan word om vas te stel of ooreenkoms op redelike voorwaardes bereik kan word of nie". Evkom antwoord per brief, gedateer 20 Mei 1983, (Aanhangsel "N" tot Strydom se repliserende beëdigde verklaring, band 2 p 229-230) dat verdere onderhandelings onnodig is aangesien Evkom nie van voorneme was om 'n

/hoër.........

hoër aanbod te maak nie. Daar word daarop gewys dat die geskil steeds oor die vergoeding gaan en derhalwe word weereens verneem of Strydom nie bereid is om tot die prosedure van art 43(5) toe te stem nie. Krogh se antwoord op 14 Junie 1983 (Aanhangsel "O" band 1 p 231-232) was dat Strydom beskou die vergoeding wat Evkom aanbied as onredelik.

Dit is gemene saak dat Strydom en Evkom op 24 Augustus 1983 deur die Elektrisiteitsbeheerraad in kennis gestel is van sy bevinding dat Evkom die betrokke regte op Strydom se plaas redelikerwyse nodig het vir die uitoefening van sy bevoegdhede. Die verslag van die Elektrisiteitsbeheerraad is gedateer 26 Augustus 1983

(band 1,p 43-46).

Krogh het op 11 Oktober 1983 aan die Elektrisi= teitsbeheerraad en op 13 Oktober 1983 aan die Minister briewe (Aanhangsels "L" band 2 p 223-225 en "A" band 1 p 12-14 respektiewelik) met dieselfde strekking gestuur nl. dat alvorens die Staatspresident homself in terme van art 42 (2)(a) oortuig dat Evkom die betrokke regte nie op redelike voorwaardes deur ooreekoms met Strydom kon verkry nie laasgenoemde ooreenkomstig die audi alteram partem be= ginsel die geleentheid wou hê om op Evkom se voorlegging van feite hieroor aan die Staatspresident te antwoord en om sodanige antwoord aan die Staatspresident voor te lê. Dit is gemene saak dat hierdie twee briewe se inhoud

/nooit ......

nooit tot die kennis van die Staatspresident gebring is nie.

Van der Schyff, sekretaris van die Elektrisiteitsbeheerraad, is ook 'n amptenaar van die Departement van Mineraal - en Energiesake. In sy hoedanigheid as amptenaar is dit sy funksie om aansoeke vir die Staatspresident se goedkeuring ingevolge art 43 (1) te hanteer en te prosesseer. Op 31 Augustus 1983 het hy die volgende dokumente aan die Minister voorgelê:

1. 'n Toeligting aan die Minister waarin die belangrikste punte van die agtergrond van die aangeleentheid tot die plaasvind van die openbare verhoor op 7 Desember 1982

/geskets ........

geskets word (Aanhangsel "X" band 1 p 82-87).

2. 'n Konsep Minuut No 1085 van die Uitvoerende Raad waarby daar aangeheg is:

(i) die verslag van die Elektrisiteitsbeheerraad (band 1 p 43-46),

(ii) planne van die transmissielyn en omgewing,

(iii) die verbatim verslag van die openbare verhoor (band 1 p 47-72).

3. Afskrifte van die dokumente wat by Evkom se aansoek van 30 September 1982 aangeheg was nl. Mynhardt se beëdigde verklaring gedateer 30 September 1982 (Aanhangsel "AX", band 1 p 89-91);

/Zondagh ......

Zondagh se beëdigde verklaring, gedateer 30 September 1982 (Aanhangsel "BX", band 1 p 92-95) asook die korrespondensie vervat in Aanhangsels "AA" tot "LL" inklusief met inbegrip van Boshoff se waardasieverslag (Aanhangsel "HH", band 1 p 119-122).

4. Strydom se beëdigde verklaring, gedateer 29 November 1982 (Aanhangsel "CX", band 2 p 129-135) met aanhangsels waar=na *supra* verwys is.

5. Evkom se brief van 4 Januarie 1983 aan die Elektrisiteits=beheerraad om sy aansoek te wysig, soos gesteun deur Mynhardt se beëdigde verklarig, gedateer 4 Januarie 1983 (Aanhangsel "DX", band 2 p 167-172).

/6. Die ............

6. Die korrespondensie soos beliggaam in Aanhangsel "EX[1]", "EX", "FX" en "FX" *supra*.

Die volgende dokumente is deur van der Schyff op 13 Oktober 1983 aan die Uitvoerende Raad voorgelê :

1. Die konsep Minuut (No 1085) van die Uitvoerende Raad nadat dit deur die Minister geparafeer is.

2. Die dokumente wat by die konsep Minuut No 1085 aangeheg is nl.

(i) die verslag van die Elektrisiteitsbeheerraad (band 1 p43-46),

(ii) planne van die transmissielyn en omgewing,

(iii) die verbatim verslag van die openbare verhoor (band 1 p 47-72), en

/ (iv) ........

(iv) ŉ sertifikaat van die Minister dat bogenoemde dokumente ware afskrifte is en deeluitmaak van die Uitvoerende Raad se Minuut No 1085.

Op 13 Oktober 1983 het die Staatspresident Minuut No 1085 onderteken wat o.a. die volgende belangrike bepalings bevat:

> „MINISTERS het die eer om die Staatspresident mee te deel dat die Elektrisiteitsvoorsienings=kommissie, wat ŉ ondernemer is soos voormeld, nie in staat was om op redelike voorwaardes deur ooreenkoms ŉ serwituut vir die oprigting en instandhouding van en toesig oor ŉ trans=missielyn vir die geleiding van eletrisiteit van mnr J.G. Strydom oor sy eiendom wat as volg omskryf word, te verkry nie - - - -

/„MINISTERS ....

„MINISTERS het verder die eer om die Staats= president mee te deel dat die Elektrisiteits= beheerraad 'n openbare verhoor ingevolge artikel 43(3) van voormelde Wet gehou het waarvan 'n verbatim verslag hierby aangeheg is, tesame met die Beheerraad se verslag waarin vermeld word dat hy bevind het dat die Elektrisiteits= voorsieningskommissie die betrokke serwituut redelikerwys nodig het.

„MINISTERS het derhalwe die eer om aan te beveel dat dit die Staatspresident mag behaag om kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 43(1) van genoemde Wet goed te keur dat die Elektrisiteitsvoorsieningskommissie die nodige serwituut oor genoemde eiendom by wyse van verpligte koop verkry."
(band 1 p 40-41)

Deur sy ondertekening van Minuut No 1085 het die Staats= president kragtens art 43(1) skriftelik toegestem tot die verkryging deur Evkom van die serwituut vir 'n trans= missielyn oor 'n gedeelte van Strydom se plaas deur ver= pligte koop.

Die strekking van die korrespondensie tussen Strydom en Evkom totdat laasgenoemde sy aansoek by die Elektrisiteitsbeheerraad op 30 September 1982 gemaak het, is duidelik dat hulle oor 'n tydperk van 3 jaar onderhandelings oor die quantum van die vergoeding gevoer het. Die roete van die beoogde transmissielyn het geen probleme opgelewer nie. Op 'n stadium het Parker Ellis (Edms) Bpk namens Strydom mondelings met Evkom ooreengekom op die bedrag van R149 184 wat op 'n grondwaarde van R4 000 per ha gebaseer is maar Strydom wou dit nie aanvaar nie. Later het Evkom sy aanbod opgeskuif na R175 000 ooreenkomstig Boshoff se waardasie maar Strydom wou dit nie aanvaar nie.

/Strydom .........

Strydom was ook nie bereid om in te stem tot die prosedure van art 43(5) nie.

In sy beëdigde verklaring, gedateer 29 November 1982 (Aanhangsel CX band 2 p 129-135), het Strydom beswaar teen Evkom se aansoek by die Elektrisiteits= beheerraad gemaak op die basis dat Evkom wel op redelike voorwaardes deur ooreenkoms die serwituut van hom kon verkry. Hy het 'n aanbod van R420 638 gemaak wat tot 6 Desember 1982 aanvaar kon word maar Evkom wou dit nie aanvaar nie.

Ek het reeds aangetoon wat Strydom se houding op 7 Desember 1982 by die openbare verhoor was, soos

blyk uit die verbatim verslag van die verrigtinge (band 1 p 47-72).

Die grondslag van Strydom se hersienings= aansoek is dat die Staatspresident „verplig was om my 'n geleentheid te gee om my saak te stel aangaande die vraag of die Tweede Respondent (Evkom) nie in staat is om gemelde serwituut op redelike voorwaardes deur ooreenkoms met my te verkry nie aangesien die goed= keuring van die verpligte koop my regte as eienaar affekteer". Dit is gebaseer op die bekende <u>audi alteram partem</u> beginsel.

Die wetgewer het nie 'n ongekwalifiseerde ont= eieningsbevoegdheid aan Evkom verleen om grond of

/serwitute ......

serwitute oor grond te verkry ten einde hom as 'n gemagtigde ondernemer in staat te stel om sy statutêre bevoegdheid om elektrisiteit te voorsien, uit te oefen nie. Volgens art 43(1) kan Evkom slegs met die goedkeuring van die Staatspresident en onderworpe aan voorwaardes wat die Staatspresident mag oplê grond of serwitute oor grond deur verpligte koop verkry. Die Staatspresident se goedkeuring het egter nie betrekking op die terme van die verpligte koop van die grond, of die serwituut oor die grond, nie omdat art 43(4) die bepalings van artikels 7 tot 23 van die Onteieningswet No 63 van 1975 van toepassing op die verkryging van die grond of die serwituut

/oor ........

oor die grond maak. Volgens art 43(2) kan die Staats=president sy goedkeuring tot die verpligte koop alleen verleen indien hy hom van twee aangeleenthede oortuig het nl.

1. dat Evkom „nie in staat is om sodanige grond of reg op redelike voorwaardes deur ooreenkoms met die eienaar te verkry nie" (Art 43(2)(a)), en
2. dat Evkom die grond of die serwituut oor grond redeliker=wyse nodig het vir die uitoefening van sy statutêre be=voegdheid om elektrisiteit te voorsien. Om hom hiervan te oortuig, moes hy eers 'n verslag van die Elektrisiteits=beheerraad oorweeg het. (Art 43(2)(b)). Dit is gemene saak dat die Staatspresident wel aan die vereistes van

/art ........

art 43(2)(b) voldoen het.

Wat art 43(2)(a) betref, bevat die Wet geen omskrywing van „redelike voorwaardes" nie. In die samehang van art 43(2)(a) beteken dit na my oordeel op terme wat redelikerwyse vir beide Evkom en die grondeienaar aanvaarbaar is. Dit was tereg die vertolking wat die hof a quo aan art 43(2)(a) verleen het, nl. „section 43(2)(a) simply means that on a proper construction the State President must be satisfied that Escom and the owner have not been able to reach an agreement with each other on reasonable terms. The thrust in this sub-section is directed towards the fact that the parties cannot reach an agreement". Die wetgewer beoog dat die Staatspresident

/hom ......

hom moet oortuig dat Evkom en die betrokke grondeienaar met mekaar onderhandelings gevoer het vir die vrywillige aankoop van die betrokke grond, of die serwituut daaroor, maar dat hulle nie met mekaar kon ooreenkom op terme wat vir albei redelikerwyse aanvaarbaar is nie.

Dit is van belang om daarop te let dat volgens art 2 van die Interpretasiewet No 33 van 1957, soos gewysig, beteken "Staatspresident" „die Staats=president, en ook 'n waarnemende Staatspresident,

/handelende ..........

<u>handelende op en volgens die advies van die Uitvoerende Raad</u>." (My onderstreping). Dit is in ooreenstemming met die bepalings van art 16(1) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet No 32 van 1961, dat die Staatspresident as hoof van die Republiek se uitvoerende gesag op advies van die Uitvoerende Raad handel. Raadpleeg Verloren van Themaat, <u>Staatsreg</u>, 3 e uitgawe, 1981, p 233 en 239 en Wiechers, <u>Administratiefreg</u>, 1973, p 17.

/Dit .........

Dit is ook hoe die Staatspresident in die onderhawige geval op advies van die Uitvoerende Raad gehandel het, soos blyk uit Minuut No 1085 (band 1 p 40-41) wat deur die Staatspresident en die Eerste Minister P W Botha onderteken is. Ek het supra verwys na die dokumente wat van der Schyff op 31 Augustus 1983 aan die Minister voorgelê het. Daardie dokumente het o.a. al die belangrike korresponden=sie oor die onderhandelinge wat tussen Evkom en Strydom se agente oor die quantum van die vergoeding gevoer is, bevat, nl. Aanhangsels "AA" tot "LL" inklusief. Daar=benewens was daar ook Evkom se finale aanbod op 8 Maart 1983 (Aanhangsel "FX" band 2 p 179-181) van R70 000 met die oog op die kleiner serwituutgebied. Strydom se

/beëdigde......

beëdigde verklaring, gedateer 29 November 1982 (Aan= hangsel "CX", band 2 p 129-135), die verbatim verslag van die openbare verhoor op 7 Desember 1982 (band 1 p 47-72) en die verslag van die Elektrisiteitsbeheerraad (band 1 p 43-46) was voor die Minister geplaas. Na aanleiding van al hierdie inligting was die Minister in staat om die inhoud van die konsep Minuut (1085) te kontroleer en te bevestig deur dit te parafeer sodat die Uitvoerende Raad die Staatspresident dienooreenkomstig kon adviseer o.a. dat Evkom nie in staat was om op redelike voorwaardes deur ooreenkoms 'n serwituut vir 'n transmissielyn oor Strydom se plaas te verkry nie. Handelende op advies van die Uitvoerende Raad, soos vervat in Minuut No 1085 het die

/Staatspresident .....

Staatspresident sy toestemming tot die verpligte koop van die serwituut deur Evkom uit hoofde van art 43(1) verleen.

Met beroep op die audi alteram partem beginsel is dit Strydom se standpunt dat die Staats= president hom 'n geleentheid moes gegee het om vertoë in sy guns aan die Staatspresident voor te lê en om enige nadelige bewerings teen hom weer te lê alvorens die Staatspresident homself ooreenkomstig art 43(2)(a) oortuig het.

/Die ..........

Die pertinente vraag is of die _audi alteram partem_ beginsel deur die Staatspresident toegepas moes word alvorens hy homself ooreenkomstig art 43(2)(a) oortuig het dat Evkom en Strydom met mekaar onderhandelings gevoer het vir die vrywillige aankoop van die betrokke grond, of die serwituut daaroor, maar dat hulle nie met mekaar kon ooreenkom op terme wat vir albei redeliker= wyse aanvaarbaar is nie. Ons reg in soverre ter sake in die onderhawige geval betreffende die _audi alteram partem_ beginsel is deur RUMPFF AR in _Publications Control Board v Central News Agency Ltd._, 1970(3) SA 479 (A) soos volg saamgevat op bl 488 _in fine_ - 489 A:

/"It ..........

> "It is of course, firmly established in our law that when a statute gives judicial or quasi-judicial powers to affect pre=judically the rights of person or property, there is a presumption, in the absence of an express provision or of a clear inten=tion to the contrary, that the power so given is to be exercised in accordance with the fundamental principles of justice. One of these principles is that the person affected should be given an opportunity to defend himself or of being heard. If, however, on a proper construction of the statute, it appears that the Legislature did not intend the person affected to have the right of being heard, the implied right will be held to be excluded."

Dit is opvallend dat die wetgewer art 43(2) (a) en (b) nie oor dieselfde kam skeer nie. In art 43 (2)(b) word verlang dat die Staatspresident ŉ verslag

/van .......

van die Elektrisiteitsbeheerraad moet oorweeg alvorens hy homself oortuig dat Evkom die betrokke grond of ser= wituut redelikerwyse nodig het vir die voorsiening van elektrisiteit. Die wetgewer skryf nie voor wat die inhoud van die verslag moet wees nie omdat dit uit die aard van die saak van die omstandighede van elke besondere geval sal afhang. Dat dit sou slaan op inligting van 'n tegniese aard is blote bespiegeling. In die onderhawige geval is die betrokke verslag geensins tegnies van aard nie. 'n Openbare verhoor soos art (43)(3)(a) voorskryf is nie _per se_ 'n geskikte forum vir die bespre= king van tegniese data nie. Wat van belang is, is

/dat .......

dat art 43(2)(b) die wyse van verkryging van die feite= materiaal waarop die Staatspresident sy oortuiging moet fundeer, voorskryf. Daarenteen bevat art 43(2)(a) nie 'n dergelike of soortgelyke bepaling aangaande 'n verslag of enige ander prosedure nie. M.a.w. art 43 (2)(a) skryf nie voor die wyse van verkryging van die feitemateriaal waarop die Staatspresident homself moet oortuig nie. Nergens vind ek in die Wet enige aanduiding dat die wetgewer die toepaslikheid van enige kwasi-judisiële prosedure t.o.v. die Staatspresident se uit= oefening van sy oortuiging uit hoofde van art 43(2)(a) voorskryf nie. Die wetgewer verg nie van die Staatspresident om 'n ondersoek van 'n kwasi-judisiële

aard in te stel om homself ingevolge art 43(2)(a) te oortuig nie. Dit strook met die feit dat die Staats=president op en volgens advies van die Uitvoerende Raad handel, soos ek _supra_ aangetoon het, en dat die wet=gewer bewus van hierdie prosedure is. Wat art 43(2)(a) betref, kan daar nie sprake wees van 'n kwasi-_lis_ tussen Evkom en Strydom nie. Daar is geen sprake van enige aantasting van 'n bestaande reg van Strydom nie. Die _quantum_ van Strydom se vergoeding is nie in die gedrang nie. Waar dit nie deur onderhandelinge vir 'n vrywillige koop vasgestel kan word nie, sal dit in die geval van 'n verpligte koop of onteiening volgens art 43 (4) ooreenkomstig die bepalings van die Onteieningswet

/No ......

No 63 van 1975 vasgestel word. Die uitoefening van die Staatspresident se oortuiging volgens art 43(2)(a) hou geen regsgevolge vir Strydom in nie. Daar is geen saak wat Strydom aan die Staatspresident kon stel nie. Die Staatspresident is nie verplig om te oordeel of Evkom of Strydom se terme in sake die vrywillige aankoop van die betrokke grond of serwituut redelik is nie soos, supra aangetoon. Strydom se aanspraak dat hy steeds bereid is om op redelike voorwaardes 'n ooreenkoms met Evkom aan te gaan, is irrelevant in die lig van die feite in die onderhawige geval. Strydom en Evkom het in hul onder=handelinge oor 'n tydperk van 3 jaar skaakmat oor die

aankoopprys bereik. Dit is volgens die objektiewe feite derhalwe maklik vir die Staatspresident om homself te oortuig dat Evkom se aansoek om goedkeuring vir 'n verpligte koop nie voorbarig is nie en dat Evkom nie in staat is om die betrokke grond of serwituut op redelike voorwaardes te verkry nie, soos supra verduidelik. Na my oordeel is Strydom se beroep op die toepaslikheid van die audi alteram partem - beginsel derhalwe ongegrond.

Dit volg dat die appèl afgewys word met koste wat die gebruikmaking van twee advokate deur die Eerste Respondent sowel as deur die Tweede Respondent insluit.

C.P. JOUBERT AR.

JACOBS AR )
BOSHOFF Wn AR ) Stem saam.

23a/87

399/85/AV

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPèLAFDELING)

In die saak tussen:

JOHAN GEORG STRYDOM — Appellant

en

DIE STAATSPRESIDENT VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA — Eerste Respondent

ELEKTRISITEITSVOORSIENINGSKOMMISSIE — Tweede Respondent

CORAM: JOUBERT, TRENGOVE, GROSSKOPF, JACOBS, ARR et BOSHOFF Wn AR

VERHOOR: 4 November 1986

GELEWER: 26 Maart 1987

---

## U I T S P R A A K

GROSSKOPF, AR

Ek het die uitspraak van JOUBERT AR gelees maar kan,

met ......

met eerbied, nie daarmee saamstem nie. Ek sit kortliks my redes hierin uiteen sonder om in besonderhede in te gaan op die feite-agtergrond, wat volledig in die uitspraak van JOUBERT AR behandel word.

Hierdie saak het te doen met die stelreël audi alteram partem, wat sy toepassing vind onder meer in gevalle waar 'n beampte of owerheidsliggaam deur 'n wetsbepaling gemagtig word om 'n besluit te lewer waardeur die regte van 'n indiwidu nadelig geraak mag word. In sulke gevalle word aanvaar, tensy die teendeel duidelik uit die wetgewing blyk, dat die betrokke indiwidu geregtig is om op 'n gepaste wyse vertoë te rig voordat 'n besluit tot sy nadeel geneem word. Vergelyk R v Ngwevela 1954 (1) SA 123 (A) op bl 127 E-F en 131 H; South African Defence and Aid Fund v Minister of Justice 1967 (1) SA 263 (A)

op ....

op bl 270 E-G; Publications Control Board v Central News Agency 1970 (3) SA 479 (A) op bl 488 H tot 489 E; Administrateur van Suidwes-Afrika en 'n Ander v Pieters 1973 (1) SA 850 (A) op bl 860 F-H en Winter v Administrator-in-Executive Committee 1973 (1) SA 873 (A) op bl 888 H to 889 D.

In die onderhawige geval word die Staatspresident gemagtig deur art 43 van die Elektrisiteitswet om goedkeuring te verleen aan sekere instansies of persone om grondeienaars se grond, of regte ten opsigte van grond, te onteien. Sodanige goedkeuring word ad hoc verleen. Die gronde waarop goedkeuring verleen of geweier word, word in die Wet aangedui. Die Staatspresident mag nie goedkeuring verleen nie tensy hy "oortuig" (in Engels, "satisfied") is (a) dat die voornemende

onteienaar ......

onteienaar "nie in staat is om sodanige grond of reg op redelike voorwaardes deur ooreenkoms met die eienaar te verkry nie" (art 43(2)(a); en (b) dat die voornemende onteienaar die grond of reg redelikerwyse nodig het vir die uitoefening van sy bevoegdhede (art 43(2)(b)).

Wat vereiste (b) betref is dit gemene saak dat die Wet self die toepassing van audi alteram partem reël deur voorsiening te maak vir 'n openbare verhoor deur die Elektrisiteitsbeheerraad waarby die grondeienaar inspraak het (sien art 43(3)), en vir 'n verslag aan die Staatspresident deur die raad (art 43(2)(b)). Die doel van die verhoor is om te bepaal of die voornemende onteienaar wel die grond of reg redelikerwyse nodig het vir die uitoefening van sy bevoegdheid .........

voegdheid (art 43(3)(a)) en dit is oor hierdie vraag waaroor verslag gedoen moet word (artikels 43(3)(a) en (2)(b)). Aan die bepalings ten opsigte van vereiste (b) is voldoen, en die enigste vraag is of die stelreël ook geld ten opsigte van vereiste (a).

Op die oog af is art 43(2) by uitnemendheid die soort bepaling waar die stelreël <u>audi alteram partem</u> van toepassing behoort te wees. Die Staatspresident se beslissing tas die regte aan van ŉ spesifieke eienaar ten opsigte van ŉ spesifieke grondstuk deurdat die grond (of ŉ serwituut daaroor) as gevolg van die Staatspresident se beslissing onderhewig word aan onteiening deur ŉ ondernemer. Billikheidshalwe behoort die eienaar ŉ geleentheid gegun te word om sy standpunt te

stel ..........

stel oor die aangeleenthede wat die Staatspresident ingevolge die artikel moet oorweeg om tot 'n beslissing te kom. So 'n geleentheid word verleen ten opsigte van sub-artikel (b), en daar skyn geen klaarblyklike rede te wees waarom dit weerhou sou word ten opsigte van die vereiste gestel in sub-artikel (a) nie. Die aspek waaroor die Staatspresident tot 'n oortuiging moet kom voordat hy goedkeuring gee, het te doen met die onderhandelinge tussen die voornemende onteienaar en die grondeienaar. Dit is dus iets waaroor die grondeienaar redelikerwyse verwag kan word om inligting te kan verskaf en bruikbare vertoë te kan lewer. Om hom toe te laat om hier-oor vertoë te rig sou dus 'n nuttige kontrole kon vorm oor bewerings wat deur die voornemende onteienaar gemaak word.

En ..........

En in hierdie verband moet onthou word dat die voornemende onteienaar enige "gemagtigde ondernemer of iemand wat geregtig is om elektrisiteit binne ŉ bepaalde gebied te laat ontwikkel of voorsien" mag wees (sien art 43(1)). Dit is nie net EVKOM nie. Die verlening van ŉ geleentheid om vertoë te rig behoort nie administratiewe probleme te skep nie, altans nie as die grondeienaar beperk word tot skriftelike vertoë, soos aan die hand gedoen deur die appellant, nie. Hierdie is ook nie ŉ geval soos in Pretoria City Council v Modimola 1966(3) SA 250 (A) waar onteieningsmagte deur wetgewing aan owerheidsliggame verleen is om na goeddunke uitgeoefen te word nie, en die beslissing in hierdie saak, waarop veral die Tweede Respondent staatgemaak het, is na my mening onderskeibaar van die huidige geval.

Wat .........

Wat is dan die gronde waarop gesê word dat die stelreël <u>audi alteram partem</u> nie in die huidige geval geld nie? Eerstens moet oorweeg word wat die betekenis van "redelike voorwaardes" in art 43(2)(a) is. In hierdie verband is JOUBERT AR se slotsom: "Die wetgewer beoog dat die Staatspresident hom moet oortuig dat Evkom en die betrokke grondeienaar met mekaar onderhandelings gevoer het vir die vrywillige verkoop van die betrokke grond, of die serwituut daaroor, maar dat hulle nie met mekaar kon ooreenkom op terme wat vir albei redelikerwyse aanvaarbaar is nie". Vir huidige doeleindes kan ek hierdie formulering aanvaar. Klaarblyklik het die wetgewer bedoel dat art 43(2)(a) as 'n beskerming vir die grondeienaar moet dien teen oorhaastige

onteiening ...

onteiening. Sodanige beskerming vereis dat die Staatspresident minstens in 'n mate moet ingaan op die _bona fides_ en toereikendheid van die onderhandelinge tussen die partye. JOUBERT AR se formulering behels dat die Staatspresident oortuig moet word dat daar opregte pogings tot die bereiking van ooreenkoms was en dat die grondeienaar se aansprake "redelikerwyse" onaanvaarbaar vir die voornemende onteienaar was. Hoekom sou die grondeienaar nie 'n geleentheid gegun word om ook sy standpunt oor hierdie onderwerpe, waarby hy so 'n wesentlike belang het, te stel nie?

By die bevinding dat die stelreël _audi alteram partem_ by implikasie uitgeskakel is, maak die hof _a quo_ sterk staat op die bepalings van art 43(2)(b) saamgelees met art 42(3).

Daar ..........

Daar sal onthou word dat hierdie bepalings voorsiening maak vir ŉ openbare verhoor voor die Elektrisiteitsbeheerraad, en ŉ verslag deur die raad aan die Staatspresident, oor die vraag of die voornemende onteienaar die grond of serwituut redelikerwyse nodig het vir die uitoefening van sy bevoegdhede.

Die Elekstrisiteitsbeheerraad is ŉ liggaam benoem deur die Minister van Mineraal- en Energiesake. Die raad bestaan sover doenlik "uit persone met voldoende kennis van aangeleenthede betreffende elektrisiteitstariewe, finansiële- en kosteberekening of ekonomie" (art 22(1)(a) en (b)). Die Elektrisiteitsbeheerraad oefen ingevolge die Wet beheer uit oor die voorsiening van elektrisiteit deur EVKOM en deur

private .........

private ondernemings, en besit ook die ander bevoegdhede en is onderhewig aan die ander pligte wat deur die Wet en regulasies voorgeskryf word (art 22(4)). Ek meen dat die Elektrisiteitsbeheerraad met reg as 'n deskundige liggaam beskryf kan word. Wanneer die raad 'n verslag uitbring oor die betrokke vraag (t.w. of die voornemende onteienaar die grond of serwituut redelikerwyse nodig het vir die uitoefening van sy bevoegdhede) kan daar seker verwag word dat hy van sy kundigheid op die gebied van elektrisiteitsvoorsiening gebruik sou maak. Die redelike behoeftes van 'n bepaalde elektrisiteitsverskaffer is nie 'n onderwerp waaroor 'n leek hom sonder meer sou kon uitlaat nie. Dit kom my voor as 'n tegniese aangeleentheid op die gebied van die elektrisiteits-

voorsiening ....

voorsiening. In die onderhawige geval is getuienis by die openbare verhoor voor die Elektrisiteitsbeheerraad gelewer deur, onder andere, EVKOM se projekleier vir die projek waarvoor die serwituut nodig was en deur 'n landmeter. Hierdie getuienis was van 'n tegniese aard en is nie betwis nie. In sy verslag meld die raad dat die getuienis "deeglik bestudeer" is, en dat hy met inagneming van al die omstandighede bevind het dat EVKOM die betrokke regte redelikerwyse nodig het vir die uitoefening van die bevoegdhede bedoel in art 43(1) van die Wet.

Die feit dat die grondeienaar die geleentheid gegun word om sy saak voor die Elektrisiteitsbeheerraad te stel oor die vraag of die onteiening van die grond of serwituut re-

delikerwyse nodig is, kan op verskillende maniere vertolk word. Daar kan betoog word dat die voorskrifte vir 'n verhoor ten opsigte van art 43(2)(b) 'n aanduiding is dat _audi alteram partem_ wel van toepassing is by art 43, en dat spesiale voorsiening gemaak is net waar sodanige toepassing oor 'n tegniese aangeleentheid gaan. Aangesien daar geen tegniese aangeleentheid betrokke is by die ondersoek na die toereikendheid van die onderhandelinge tussen die partye (art 43(2)(a)) nie, so kan betoog word, is geen ooreenstemmende bepaling vir 'n spesiale verhoor ten opsigte daarvan gemaak nie, en geld die gewone gemeenregtelike beginsels ten opsigte van die stelreël. Dit is egter nie nodig om positiewe steun vir die toepassing van _audi alteram partem_ in die onderhawige geval ..........

val te probeer vind by die bepalings ten opsigte van art 43 (2)(b) nie. Myns insiens dui die argumente wat ek pas behandel het, minstens aan dat die spesiale bepalings vir ŉ verhoor voor die Elektrisiteitsbeheerraad ten opsigte van die nodigheid van die onteiening, nie afdoen aan die toepaslikheid van *audi alteram partem* ten opsigte van die ondersoek na die toereikendheid van die onderhandelinge tussen die partye ingevolge art 43(2)(a) nie.

Die Respondente het verder beklemtoon dat die Staatspresident ingevolge die Interpretasiewet, no 33 van 1957, en die Grondwet (Wet 32 van 1961) op advies van die Uitvoerende Raad handel. Tensy ŉ mens die standpunt inneem dat die Staatspresident-in-Rade nooit onderhewig kan wees aan die beginsel van *audi alteram partem* nie (en geen gesag ter stawing van so ŉ standpunt is aan ons voorgelê nie - ver-

gelyk Baxter, Administrative Law, bl 333-4), kan die konstitusionele posisie na my mening nie die uitwerking van <u>audi alteram partem</u> in die onderhawige geval uitskakel nie. Die uitvoerende gesag het nie hier met beleidsake te doen waar die standpunte van indiwidue onbelangrik is nie (in welke geval die posisie miskien anders mag wees), maar met ŉ dispuut tussen ŉ enkele ondernemer en ŉ enkel grondeienaar oor die beoogde onteiening van ŉ enkele serwituut of grondstuk. Die konstitusionele posisie kan dus myns insiens bloot ŉ invloed hê op die manier waarop vertoë deur die uitvoerende gesag oorweeg word, maar kan nie op sigself meebring dat die eienaar geen reg het om hoegenaamd vertoë te rig nie.

Weens die voorgaande meen ek dat die appellant wel ŉ

reg ..........

reg gehad het om vertoë te rig voordat 'n besluit ingevolge art 43 (2)(a) van die Wet geneem is. Hierdie reg is na my mening misken, en dit sou myns insiens geen doel dien om te probeer bespiegel of die appellant op die feite van hierdie saak enige welslae sou behaal het as hy 'n geleentheid gegun was om vertoë te rig nie. Myns insiens moet die appèl slaag.

E M GROSSKOPF, AR

TRENGOVE, AR) Stem saam